

wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

GENESIS 8:22 : "So lank as die aarde bly bestaan, sal saaiyd en oestyd nie ophou nie,
ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie"

*"Praise with elation, praise every morning
God's re-creation of the new day"
~ Cat Stevens*

'N UITTREKSEL UIT DIE VOORSITTERSVERSLAG A SYNOPSIS OF THE CHAIRMAN'S REPORT

(SSK Algemene Jaarvergadering, 30 Julie 2021, Virtueel op Swellendam)



SSK Voorsitter: Dirk van Papendorp

"Resilience.....The ability to bounce back"
"SSK, die waarde opsie!"

In 2020 het almal gepraat van die storm wat die ekonomie getref het. Vanjaar kan ons terugkyk en sien dat daar na elke storm weer 'n helder dag is.

The word "resilience", which means "the ability to bounce back", took on a new meaning for SSK and its members in the past year.

Die SSK Groep spog met sy heel beste finansiële syfers in die 90 jaar van sy bestaan. Die jaar word afgesluit met 'n netto wins voor belasting wat 48% hoër is as die vorige jaar. Voorwaar 'n prestasie waarop ons trots kan wees met die viering van die 90ste bestaansjaar van die koöperasie.

The past year was outstanding in many respects. Improved agricultural conditions in the largest part of the SSK region lead to above average grain harvests and carry over debt was reduced by approximately 40%.

Ons **"Saam Werk"** in die moeilike jare het ongetwyfeld gelei daartoe dat ons, beide lid en koöperasie, **Saam** kon **Wen** toe die wiel draai.

SSK's secret to its success lies therein that we have the support of a dynamic membership base, a positive and conscientious workforce, a strong balance sheet and healthy cash flow as well as a dedicated focus on value adding.

SSK verskaf met behulp van sy 21 handelstakke 'n eenstop-diens in die Suid-Kaap, Tuinroete, Langkloof en Karoo. Hierdie voetspoor is in ons kleiner dorpe 'n lewensaar ten

opsigte van die keuses wat dit bied en is integraal tot die behoud van ekonomiese stabiliteit vir lede sowel as nie-lede.

Die graanhanteringsfunksie wat SSK d.m.v. sy 9 silo- en 5 silosak depots vervul is vir elke boer 'n onontbeerlike skakel in die hantering van sy oes. Die afgelope 10 jaar is ongeveer 82 000 ton se ekstra formele silospasie en ongeveer 120 000 ton se silosak spasie geskep. Tans word daar 'n verdere 19 000 ton kapasiteit geskep te Karringmelksrivier en Swellendam, waar jaarliks tydens oestyd die grootste bottelnekke ontstaan. Bogenoemde vergroting sluit uitbreidings by Soill uit.

SSK Veevoer vervaardigers se aanleg te Karringmelksrivier se sukses het gelei tot die totstandkoming van die Riversdal aanleg. Die Saad-afdeling kon dit vanjaar weereens regkry om met kundige bestuur 'n hele verskeidenheid saadsoorte teen ongeëwenaarde pryse aan lede te bied.

The Mechanisation division's aim is to establish the New Holland brand as the market leader in our region, together with new technological developments and dedicated service delivery.

Die fokus op konstante groei maak dat die kumulatiewe winste van filiale binne die groep alreeds 57% van die Groep se wins uitmaak. Die waardetoevoeging gedoen deur ons filiale speel 'n rol in bykans elke sfeer van die ekonomie, skep werk in ons streek en die innoverende produkte wat hul produseer vind sy plek tot op bykans elke winkelrak landwyd. Verskeie van die produkte wat geproduseer word is reeds nasionaal bekende handelsname. Soill, Hessequa Abbatoir en Eureka Mills is vanjaar ons drie vlagskip filiale en met omsetgroei van onderskeidelik 24%, 10,6% en 31,3% bewys dit dat die produkte deur hierdie filiale geproduseer, reeds 'n huishoudelike naam by die verbruiker geword het.

Die SSK Groep skep 'n stabiele werksomgewing vir sy 1413 personeellede. Ons personeelkorps is ons trots en help SSK uitbou as 'n landboubesigheid met positiewe waardes en die beste kliëntediens.

Ons bly nederig bewus van 'n Hoër Hand wat ons deurgaans lei, wat ons lede, hul boerderye en die landbou op Sy hande dra en sonder wie die afgelope jaar se goeie resultate nie moontlik sou wees nie.

- Dirk van Papendorp
(SSK Voorsitter)



SSK Stigterslede in 1931

V.l.n.r: F.J. van Eeden, J.H.K. van Blommenstein, P.J. de Wet, M.C. Dippenaar, D.H. van Papendorp, M.J. Streicher, D.C. van Dyk, E.J. Linde en P.G. Lourens.

DEREC GILES: 'N SUKSESSTORIE



Foto: Annelie van Wyk

Die Giles-familie.

Derec Giles van die plaas Dwarsfontein, 12 km buite Uniondale, help my gou reg as ek oor sy suksesse praat. "Ek en my vrou Charmaine het van die begin af alles saam beplan en alles saam gedoen. Ek sou niks kon bereik het sonder haar nie". Derec is 'n nederige man, maar praat met entoesiasme en trots oor die AGRI SA Toyota Jongboer-van-die Jaar kompetisie. Derec was vanjaar een van die finaliste uit die Wes-Kaap en die eerste kandidaat ooit uit die Uniondale distrik. Hy vertel dat die blootstelling hom met 'n wyer visie laat kyk het. Hy en Charmaine het reeds met die terugry nuwe planne begin beraam vir die plaas.

Derec het met swaarkry bo uitgekom, maar hy is gou om te beklemtoon dit nou nog maar die begin van die sukses-tog is. Hy het as kind in George grootgeword, maar as ander met vakansie see toe vertrek, het hy verkies om by sy oupa aan moederskant, Fannie Barnardt, op die plaas in Dwarsfontein te gaan kuier. Van voegs af is boerdery in sy kop en hart. Hy was 16 jaar oud en in Oakdale Landboueskool toe sy oupa oorlede is en sy ouers die plaas uit die boedel gekoop het. Oakdale se verlies aan 'n kranige tennis-, krieket, gholf en rugbyspeler was toe Uniondale Hoërskool se wins. Derec het SWD kleure behaal in beide tennis en krieket. Hy was 'n SWD Rugba skeidsregter en afrigter vir die SWD 0/16 en 0/18 dogters krieketspan. "Maar die sport speel nou tweede viool. My familie en die plaas is nou my prioriteit... my alles".

**“My familie en die plaas
is nou my prioriteit,...
my alles.”**

Vir Derec was dit as't ware liefde met die eerste "hoorslag", tydens sy eerste telefoongesprek met Charmaine. "Ek het met haar gepraat oor 'n stuk grond wat ons wou verkoop en so baie van haar stem gehou dat ek haar genooi het om saam met my na 'n troue toe te gaan. Ek het haar op die "blind date" vir die eerste keer gesien en toe is die koeël deur die kerk". Charmaine merk op dat sy eers na 'n week besef het dat sy nou haar trouman beet het. Sedert 2011 huur hulle die plaas uit die trust en is die vyfde geslag wat daar boer. Na die troue was hulle huis nog in aanbou en moes hulle met baie min klaarkom.

Hulle vertel hoe die bure matte en ou meubels aangedra het vir die twee pasgetroudes. Kos is op 'n gasstofie voorberei, want

daar was geen krag. Die Giles'e beklemtoon telkens hul dankbaarheid vir die Skepper, familie en vriende wat nog al die jare daar is vir hulle.

Derec spog makliker met Charmaine as met homself. Sy is reeds 12 jaar finansiële adviseur en was al verskeie kere bekroon as top adviseur. Sy voltooi vanjaar B.Com Bemarkingsbestuur wat sy deelyds doen en het reeds baie onderskeidings agter die blad. Hulle het 3 dogtertjies, wat al drie met blomname as 'n tweede naam spog: Inge Rose (7), Ava Lily (3) en Karli Ilana (15 maande). Charmaine werk in Oudtshoorn in die week waar die kinders ook skoolgaan en Derec en sy span hou dan die fort op die plaas. Hy boer met kalwers, volstruise, skaap en verbou ook uie- en rocketsaad. Hoewel die voortslepende droogte in die gebied 'n impak op hulle boerdery het, fokus Derec op beter waterbenutting en beter keuses met weidingsaanplantings. Produksiedoelwitte is om die lampersentasie en die uitbroei-persentasie van sy broeivoëls te verhoog.

Hulle hondetelery wat 'n nederige begin gehad het, raak al meer suksesvol en landswyd bekend. Hulle teel met Labradors, Golden Retrievers en Wire Haired terriers. In 2020 skakel 'n ene Rachel Kolisi hulle om 'n sjokolade bruin Labrador vir haar man, 'n ene Siya, te bestel as 'n verrassing vir sy verjaarsdag. Die Giles'e vermoed aanvanklik 'n skelmstreek, maar 'n video oproep bevestig later dat dit die ware Jakob is. Op D-dag is Siya en Rachel kamtig by 'n welsynsorganisasie op George, want die Springbokkaptein dink sy vrou moet 'n amptelike besoek doen. Die bruin Labrador hondjie van Dwarsfontein Kennels was toe die beste verjaarsdag geskenk ooit. Derec vertel dat Siya hom gevra het of die hondjie Afrikaanssprekend is, want dan moes sy naam "Hendrik" wees, of as hy IsiXhosa is, dan sou hy "Sipho" heet. Rachel het egter lankal besluit hy is Engels-sprekend en dat sy naam "Milo" is.

Dit word 'n gesellige kuier by die Giles-familie, met Charmaine wat vars skons gebak het en die kinders wat blinkoog na my kyk. Hulle bring later die hondjies na binne om my te wys en dié klouter oor my en lek my gesig papnat. Met die terugry op die Dwarsfonteinpad neem ek foto's van goue wildebeeste en swartwitpense langs die draad op die buurplaas. Dit is ysig koud in die Karoo, maar my hart klop warm na die lekker kuier.

- Annelie van Wyk

DIE SSK GROEP

SSK se betrokkenheid by sy filiale en geassosieerdes is die gevolg van 'n voortgesette ingesteldheid om besighede in die streeksgebaseerde landbou-waardeketting op te rig. Ten einde diversifikasie te bewerkstellig word beleggings buite die primêre landbou ook op 'n voortdurende basis oorweeg. Die persentasie SSK aandeelhouing word aangedui by elke filiaal.



60%

Southern Oil (SOILL) is 'n moderne olie-ontginnings aanleg en eetbare-olie-raffinadery geleë in Swellendam en is verbind tot die verskaffing van gesonde alternatiewe olies – beide nasionaal en internasionaal. SOILL se vlagskip-handelsmerk is B-Well Kanola Olie en is een van die enigste olies wat in Suid-Afrika verkoop word wat CANSA onderskryf.
www.soill.co.za T: 028 514 3441 E: info@soill.co.za



100%

Oleos do Sul is 'n kokosneut-olie verwerkingsaanleg in Maxixe, Mosambiek met 'n raffinering en verpakkingsaanleg in Isithebe, Gauteng.
www.soill.co.za T: 028 514 3441 E: info@soill.co.za



68%

Eureka Meulens produseer witbroodmeel, bruinbroodmeel, koekmeel, volkoringmeel, gekneusde rog en rogmeel vanuit die meulens te Karringmelksrivier, net buite Heidelberg, Suid-Kaap. Hierdie produkte besit besliste unieke eienskappe, wat dit van alternatiewe en mededingende produkte onderskei. Eureka Meulens gebruik slegs hoë gehalte-, plaaslik geproduseerde koring.
E: info@eurekamills.co.za T: 028 722 1887 www.eurekamills.co.za



74%

SSK Petro Retail is 'n swart bemagtigde maatskappy in die brandstof kleinhandel sektor.
T: 044 601 1200 E: info@ssk.co.za



50%

Procuco Grain is 'n maatskappy in besit van 'n strategies geleë, Safex geregistreerde silokompleks in Randfontein met die primêre fokus op graanopberging en waardetoevoeging vir sy kliënte en aandeelhouers.
T: 028 514 8600 E: info@ssk.co.za



100%

Tuinroete Agri is 'n maatskappy wat verhuring van vaste eiendom as hoofdoelstelling het. Die primêre bates is eiendomme geleë in die Tuinroete- en Karoo area, vanwaar landboukundige dienste en produkte gelewer word. SSK besit 'n 100% aandeel in Tuinroete Agri.
T: 044 601 1200 E: info@ssk.co.za

SSK GROEP



SwellenMark besit en bestuur 'n luukse winkelsentrum, met plaaslike en nasionale huurders, in die sentrale sakekern van Swellendam. Dit bied meer as 6800 vierkante meter lugversorgde klein-handelsruimte, met genoeg gerieflike parkering om kliënte 'n aangename inkopie-ervaring te verseker.
E: lidia.avramov@cwexcellerate.com
www.swellenmark.co.za T: 082 389 0002

68%



Softlutions is 'n innoverende sagteware maatskappy met 'n kern visie om sagteware-ontwikkelings funksionaliteit aan 'n wyer gehoor te bied deur FrameworkX. FrameworkX maak die wêreld van koste-effektiewe, konsekwente en funksierike sagteware-ontwikkeling oop, met behulp van 'n paar eenvoudige, maar steeds kragtige konsepte.
E: info@softlutions.co.za
www.softlutions.co.za T: 021 852 2141

75%



Sentraal-Suid Beleggings (SSB) is 'n beleggings-maatskappy wat fokus op lewensvatbare nie-landbougeleenthede.
E: info@ssk.co.za T: 028 514 8600

100%



Riparian Investments Consortium is 'n beleggings-maatskappy wat fokus op lewensvatbare nie-landbougeleenthede.
E: info@ssk.co.za T: 028 514 8600

100%



Hessequa Abattoir is in 2007 gestig en bedryf 'n slagpale in Riversdal. Vee word aangekoop van produsente deur die hele Suid-Kaap waarna dit verwerk en versprei word aan verskeie groothandelaars en slaghuise in Suid-Afrika. Die onderneming beskik oor moderne fasiliteite met die hoogste standaard van higiëne wat deurlopend toegepas word. Die maatskappy is ook van die eerste ondernemings wat 'n biogas-aanleg in bedryf gestel het waar elektrisiteit uit die afvalmateriaal ontwikkel word.
E: hessabbatoir@outlook.com T: 028 713 1713

52,78%



Technifarm is 'n presisie-boerdery, monitoring- en metings maatskappy. Dit volg die volle siklus van presisieboerdery, en is betrokke vanaf opmeting van die plaas tot die oes. Hulle is ook betrokke by die verskaffing van tegnologie asook met die diens en verwerking van data. Technifarm se doelwit is om boere te help om hul grondvrugbaarheid en status te verbeter, sodat hulle insetkoste kan verminder, opbrengste vermeerder en 'n afname in risiko teweeg te bring.
E: info@technifarm.co.za
www.technifarm.co.za T: 028 514 3140

50%

MARIUS TERBLANCHE

Werkswinkel Bestuurder: Meganisasie, Heidelberg

VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ons is 'n gesin van 3. Ons dogter, Suria, is 12-jaar oud en gaan skool by Laerskool Buffeljagsrivier. Sy is ons hart se punt, en alles wat ek en my vrou, Retha, aanpak, is om haar toekoms beter te maak. Sy draai my en my vrou beslis om haar pinkie. My vrou werk as Boekhoudster by BJS Motors in Buffeljagsrivier, waar ons ook woonagtig is. Ons het 6 honde en teel ook met Langbeen Fox Terriers.

WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons probeer om alles as gesin saam te doen. Ons is mal oor toer en kamp, en gebruik elke moontlike geleentheid om ons land op dié manier te sien en te waardeer. Ons is lief vir 4x4 en wanneer die geleentheid hom voordoen hou ons daarvan om afgeleë paadjies te ry.

KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het na skool reeds as dieselwerktuigkundige begin werk en het uiteindelik, danksy SSK, die geleentheid gekry om te kwalifiseer en die rooieël sertifikaat te verwerf. Ek het vir 'n paar jaar my eie besigheid bestuur, maar het daarna weer deel van die SSK familie geraak. Ek het 3 maande gelede by die Heidelberg Meganisasie-span aangesluit as Werkswinkel Bestuurder en het dié uitdaging met albei hande aangegryp.

GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Om uit vele aansoeke die gekose persoon te wees om die Werkswinkel op Heidelberg te bestuur is vir my 'n groot prestasie. Ek sien dit as 'n gulde geleentheid om as mens te groei en ook om my ondervinding en kennis te verbreed. Ek glo mens is nooit te oud om te leer nie, en aangesien ek van nature 'n nuuskierige en leergierige mens is, is alle uitdagings lekker en stimulerend.

WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek hoop dat my potensiaal so ontwikkel dat ek verder kan groei op persoonlike en professionele vlak. Ek is bereid om hard te werk vir opgang in my loopbaan en sal altyd net my bes lewer. SSK groei en floreer voortdurend en as ek nie saam groei nie, gaan ek agterbly!



Marius saam met sy dogter, Suria, en vrou, Retha.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Thys van der Merwe, (TVM Konstruksie op Swellendam) het my geleer wat werksetiek beteken. Hy het my geleer dat jy die vrugte sal pluk as jy die tyd belê en altyd jou beste lewer. Ek sal altyd dankbaar wees vir die helpende hand wat hy na my uitgereik het as 16-jarige seun, en die lewenslesse wat hy vir my geleer het.

IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?

Ek is passievol, ambisieus en is mal oor 'n uitdaging. Ek koop ou vragmotors, wat ander mense al mee opgegee het, en herstel dit na hulle oorspronklike glorie. My bloedgroep is "diesel" en dit vloei dik deur my are. Ek is mal oor kamp, 4x4, vragmotors, motorfiets en "stockcars". Maar meeste van als is ek mal oor die 2 vrouens in my lewe, my vrou en my dogter is my alles, en vir hulle sal ek die wêreld versit.

DER KELDERMEISTER

TOP 10 WINES

1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei Pink Moscato
3. ONE Red
4. Perdeberg Soft Smooth Red
5. Villiersdorp Hanepoot Jerepigo (Treintjiewyn)
6. Van Loveren Neil's Pick Colombar
7. Van Loveren Tangled Tree Chocolate - Cabernet Sauvignon
8. ONE White
9. Van Loveren Sauvignon Blanc
10. Beyerskloof Pinotage

WYSHEID VAN DAE

"Wie heuning wil eet, moet steke verdra"
(Onbekend)



LANGDIENS ERKENNING

15 JAAR: Ronel Swart, Amoritha Koen, Ronald Appollis en Andrew Rahl

10 JAAR: Peter Jonkerman, Ferdi Windvogel, Ronell Verwey, Tom Pieterse en Pieter Boullion

SSK AGRILAND: STILBAAI

Die SSK AgriLand Stilbaai is op Saterdag 30 Mei 2009 in Stilbaai gevestig. Die Stilbaai tak is die verste suid van die 21 handelstakke in die SSK bedieningsgebied, met AgriLand Aberdeen wat die verste noord is. Mense van die streek praat van die "Baai van die Slapende Skone" wewysende na die bekende baken hier naby, buite Riversdal.

Met my besoek op 28 Junie 2021 reën dit lekker in Stilbaai, maar die tak is vol mense wat raad vra en opgewonde is oor die broodnodige reën. Volgens André Jonker, Takbestuurder, is die tak elke dag só besig en die 10 personeellede buig agteroor om almal gelukkig te hou. Van die gewildste produkte en produkreeks is sement, veevoere, omheiningsprodukte (draad en pale), verf, troeteldier benodighede, kleingraan, buitelewe-produkte en delikatesse kruideniers produkte.

Gedurende Desembermaand is die tak 'n miernes van bedrywighede met vakansiegangers wat graag in die gange rondsnuffel. Die tak is naby aan Albertinia en Riversdal en as dit sou gebeur dat 'n spesifieke produk nie op die rak beskikbaar is nie, word moeite gedoen om dit die volgende

dag beskikbaar te hê vanaf hierdie takke. Die landbou omgewing in Stilbaai is bekend vir vee-, perde-, olyf- en wildsboerdery. Besoek gerus volgende keer die tak. Jy sal dadelik tuis voel daar!

Besigheidsure: Ma-Vry: 7:30-17:00, Sa /vakansiedae: 08:00 tot 13:00



V.l.n.r: Agter: Dino Saayman, Lizzy Jacobs, Wilton Michaels, Chriswin Kortjie, Andre Jonker, Mitchalene Paine. Voor: Ashwin Nel, Suzaan Barnard, Shanell Hattingh

FOKUS OP: AGRILAND



Rossouw Swart van RR Swart Boerdery was die 2020 winner. Hy het graan geskenk aan Hoërskool Swellendam, Laerskool Buffeljagsrivier en Hoër Landboukskool Oakdale. Mnr. Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte) oorhandig die geskenkbewys.

DIE SSK SKOLE-GRAANPROJEK

SSK beseft en waardeer die belangrikheid en wesenlike impak van skole in die SSK-bediensgebied en maak graag 'n bydrae tot die ontwikkeling van hierdie skole. Die SSK Skole-Graanprojek behels dat graanprodusente, wat tydens oestyd by SSK graan lewer ten bate van 'n skool, 'n SSK koopbewys kan wen. Graanprodusente kan graan vir 'n skool van sy/haar/hul keuse lewer (solank dit by 'n SSK silo is) en elke ton van hierdie graan sal dien as een inskrywing ten einde die SSK koopbewys te kan wen. Die graan aan 'n spesifieke skool gelewer word dan deur SSK teen markverwante pryse aangekoop en die inkomste word aan die betrokke skool toegeken vir gebruik na die skool se goeddunke. SSK saml op dié wyse noemenswaardige bedrae in vir skole in die SSK-bediensgebied.



Willie de Kock, Senior Bemarker by SSK AgriLand, Swellendam, het onlangs by die Boland Rolbal Meesters 'n silwer medalje behaal in die Enkels kompetisie. Voorwaar 'n prestasie, want net die top 12 spelers in die provisie is uitgenooi. Wel gedaan!

REËNVAL IN STREKE

STREEK	FEB 2021	MAART 2021	APRIL 2021
Aberdeen	24	20	4
Albertinia	4	35	11
Ashton	7	34	7
Avontuur	16	39	24
George	38	61	52
Heidelberg	11	48	28
Herold	24	29	6
Joubertina	26	32	11
Karringmelks	8	27	27
Knysna	44	80	50
Misgund	24	40	17
Mosselbaai	9	72	28
Protom	5	14	12
Plettenbergbaai	20	66	22
Riversdal	9	34	25
Swellendam	7	69	25
Uniondale	0	45	8

Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.



SSK en sy mense treur oor Lindie Burger van die Krediet-afdeling in Swellendam. Haar nagedagtenis leef voort en haar kwinkslae, warmte en deernis sal vir altyd onthou word. Ons gebede is met Mias, Mia en Elske.



Jakkie Samboe (Agriland Riversdal) ontvang die wisseltrofee vir SSK / Virbac Veeartseny Verkoopspersoon vir 2020.
V.l.n.r: André Burger (Snr Bestuurder: Handel), Karen Nel (Produktreksbestuurder), Jakkie Samboe, Jonelle Fiet (Takbestuurder: Agriland Riversdal), Konrad Olivier (Virbac verteenwoordiger) en Ernest Botha (Virbac Verkoopspersoon).



Die Virbac Tak van die Jaar wenner vir 2020 was Agriland Aberdeen.
V.l.n.r: André Burger (Snr Bestuurder: Handel), Karen Nel (Produktreksbestuurder), Adri Verwey (Takbestuurder Agriland: Aberdeen), Ernest Botha (Virbac Verkoopspersoon) en Johan le Roux (Bestuurder Aankope).

SSK HOOFBESTUURTOEKENNINGS

SSK se personeel is en bly sy grootste bate. Hoofbestuur gee jaarliks erkenning aan personeel wat konsekwent uitsonderlike diens lewer in die vorm van 'n "Hoofbestuurtoekenning" en 'n kontantprys. Dit is die elfde jaar wat hierdie toekenning gedoen word.



Amoritha Koen
Versekeringsassistent
Versekerings: Heidelberg



Peter-John Hofman
Hoof Stoor en Werf
Agriland: Riversdal



Suné Levendal
Snr. Admin Beampte
Handel: Mosselbaai



Gerda Geldenhuys
Snr. M.H. Beampte
Menslike Hulpbronne:
Mosselbaai



Pieter Haasbroek:
Werktuigkundige
Meganisasie: Swellendam



Foto: Sarita Uys

Sterkte aan ons graanprodusente met die oes op hande!

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com

Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.



www.ssk.co.za